higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N240**(A)**(19)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

GEREKENARISEERDE FINANSIËLE STELSELS N4

(6030154)

19 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye en 'n 1 bylae.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
GEREKENARISEERDE FINANSIËLE STELSELS N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

INSTRUKSIES AAN DIE TOESIGHOUERS

1. Slegs DRIE UUR word vir die voltooiing van die vraestel toegelaat en dit sluit die toevoer van data, die druk van antwoorde en skriftelike werk in, indien dit vereis word.

2. Ingeval daar 'n kragonderbreking plaasvind of die rekenaar of drukker onklaar raak, moet die werklike tyd wat verlore gegaan het vir die betrokke kandidate bygevoeg word.

3. Nadat die eksamensessie voltooi is, moet die opsieners verseker dat die kandidate se **eksamennommers** op **al die drukstukke/antwoorde** wat ingedien word, verskyn. **GEEN drukstuk sonder 'n eksamennommer en watermerk sal nagesien word nie.**

4. **GEEN** drukstukke/antwoorde mag saam **vasgekram** word nie. Die kandidate word **gepenaliseer** as hulle die drukstukke saam vasgekram het.

5. Ná afloop van die eksamensessie moet die opsieners alle ander drukstukke, wat nie vir nasiendoeleindes beoog is nie, insamel. GEEN drukstukke mag deur die kandidate uit die eksamenlokaal verwyder word of in snippermandjies weggegooi word nie.

6. GEEN vraestel mag uit die eksamenlokaal verwyder word tensy daar 1 uur sedert die aanvang van die laaste eksamensessie op die dag, waarop die eksamen geskryf word, verstryk het.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES AAN KANDIDATE

1. **Beantwoord AL die vrae.**

2. Slegs DRIE UUR word vir die voltooiing van die vraestel toegelaat en dit sluit die toevoer van data, die druk van antwoorde en skriftelike werk in, indien dit vereis word.
   Let wel: GEEN **ekstra tyd word vir drukwerk toegelaat nie**.

3. Maak die **rekeningstelsel BASKET**, wat reeds op jou rekenaar gelaai is, oop. As jy 'n **netwerkgebruiker** is, maak seker dat jy die stel rekeninge, wat vir jou werkstasie gelaai is, kies.

4. Om te **verseker dat jou eksamennommer op al die drukstukke verskyn**, voer die volgende instruksies uit voordat jy die vrae begin beantwoord:

4.1 Kies 'SETUP'.
4.2 Kies MAATSKAPPYPARAMETERS (*company parameters*).
4.3 Sleutel jou eksamennommer en werkstasienommer in.
4.4 Klik op 'OK'.

5. Druk slegs aan die EEN KANT van die papier.
   Punte sal afgetrek word as jy aan albei kante van die papier gedruk het.

6. Rangskik jou antwoorde/drukstukke in die korrekte volgorde.
   Punte sal afgetrek word as jou drukstukke NIE in die korrekte volgorde is nie.

7. Dien SLEGS die verlangde drukstukke in.

8. Indien jy van deurlopende papier gebruik gemaak het, skei die velle van mekaar voordat jy dit indien.
   Punte sal afgetrek word as jy die deurlopende papier nie geskei het nie.

9. **MOET NIE** drukstukke/antwoorde saam **vaskram** nie.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Imelda Stein is die eienares van **BASKET GIFTS** en begin op 1 Maart 2017 met 'n nuwe onderneming. Sy wil sjampanjemandjies en fynproewerskosmandjies vir enige geleentheid verkoop.

Lerato Buzo is die boekhouer wat sy aangestel het. Die onderneming maak van die gerekenariseerde rekeningkundestelsel, genaamd Pastel, gebruik.

Die onderneming se finansiële jaar strek van **1 Maart 2017** tot **28 Februarie 2018**.

Die onderneming is vir BTW-doeleindes geregistreer en maak op die faktuurgrondslag tweemaandelikse betalings aan die Suid-Afrikaanse Ontvanger van Inkomste.

Jy word versoek om die opstellingsparameters (*setup parameters*) onder '**ADDITIONAL PARAMETER SETUP**' te voltooi. Verwerk die res van die transaksies vir Maart 2017 (tydperk 1).

1. PARAMETEROPSTELLING (*setup*)

1.1 INSKRYWINGSTIPES (*entry types* – reeds opgestel)

Nr.:	Inskrywingstipe
1	CB 1-betalings (kontantbetalingsjoernaal)
2	CB 1-ontvangste (kontantontvangstejoernaal)
3	CB 2-betalings (kleinkasbetalingsjoernaal)
4	CB 2-ontvangste (kleinkasontvangstejoernaal)
5	Algemene joernaal
6	Klantejoernaal
7	Verskaffersjoernaal
8	Klantekortingsjoernaal
9	Verskafferskortingsjoernaal
10	Slegteskuldjoernaal
11	Renteheffingsjoernaal
12	Voorraadjoernaal

Kopiereg voorbehou

1.2 ALGEMENEGROOTBOEKREKENINGE (reeds opgestel)

Rekening	**Nommer**
Verkope	1000/000
Aankope	2000/000
Beginvoorraad	2010/000
Eindvoorraad	2020/000
Korting ontvang	2700/000
Rente ontvang	2750/000
Slegte skuld verhaal	2850/000
Rente op lopende rekening	2950/000
Reklame en promosies	3050/000
Slegte skuld	3150/000
Bankkoste	3200/000
Skenkings	3600/000
Elektrisiteit en water	3650/000
Motorvoertuie: Herstelwerk en instandhouding	4150/020
Drukwerk en skryfbehoeftes	4200/000
Eiendomsbelasting en diensgelde	4250/000
Huurgeld betaal	4300/000
Salarisse en lone	4400/000
Telefoon en faks	4600/000
Kapitaal	5100/000
Teruggehoue inkomste	5200/000
Onttrekkings	5400/000
Motorvoertuie	6200/000
Motorvoertuie: Kosprys	6200/010
Motorvoertuie: Opgehoopte waardevermindering	6200/020
Kantoortoerusting	6300/000
Kantoortoerusting: Kosprys	6300/010
Kantoortoerusting: Opgehoopte waardevermindering	6300/020
Handelsvoorraad	7700/000
Klantekontrole	8000/000
Bank	8400/000
Kleinkas	8410/000
Verskafferskontrole	9000/000
BTW-kontrole	9500/000
Beginsaldo	9990/000

1.3 VERSKAFFERSKEDULE

Kode	**Verskaffer**
A001	Arra
D002	Dukar
F003	Florence

Kopiereg voorbehou

1.4 KLANTESKEDULE (reeds opgestel)

Kode	Klante	Saldo op 28 Februarie 2017
C001	C. Domesle	R2 567.80
C002	G. Ramaposa	R1 234.56
Z99	Kontantverkope	

1.5 VOORRAAD (voorraaditems reeds opgestel)

Die onderneming se voorraadstelsel word deur middel van die rekenaarprogram op 'n deurlopende grondslag gehanteer. Alle voorraadaankope word met behulp van aankoopnotas gemaak en alle verkope met behulp van die gerekenariseerde faktuurstelsel.

Die voorraaditems is reeds opgestel. Die onderneming voeg 'n winsverhoging (prystoeslag) van 125% op die kosprys van voorraaditems by.

Die verwerking van eksklusiewe belasting is op alle voorraadaankope en -verkope van toepassing, tensy daar anders op die fakture aangedui word.

Die volgende voorraadkodes en -pryse (**BTW uitgesluit**) is van toepassing:

Voorraad-kode	Beskrywing	Een-heid	Voorraad voorhande	Kosprys	Verkoopsprys
DCD	Drappier & Chocolate Delight	Pak	4	404.83	910.88
DPT	Dom Perignon en truffels	Pak	6	866.50	1 949.63
GST	Giant Statement-wyn	Pak	8	833.17	1 874.63
MCC	Moët & Chandon-sjampanje	Pak	10	344.83	775.88
PCD	Prosecco & Cookies Duo	Pak	8	159.83	359.63
RWF	Rooi wyn en vrugte	Pak	6	1 666.50	3 749.63
VCC	Veuve Clicquot-sjampanje	Pak	4	404.83	910.87

Kopiereg voorbehou

2. ADDISIONELE PARAMETEROPSTELLING

- Redigeer die klantefaktuur sodat dit aan die nodige regulasies voldoen. Faktuurboodskap: Dankie vir u volgehoue ondersteuning.
- Die belastingfaktuur waarmee die toevoer moet begin, is T1701.
- Die debietnota waarmee die toevoer moet begin, is DN71.
- Voeg enige nuwe vroeëbetaling-bepalings wat kan voorkom, by.
- Skep die volgende diensitem:

Kode:	COU
Beskrywing:	Koerier
Afslag:	Geen
Eenheid:	P/km

Toon die hoeveelheid en die eenheid: Ja
Verkoopsprys (BTW uitgesl.): R5.25

3. TRANSAKSIES VIR MAART 2017 (TYDPERK 1)

3.1 Daar word van jou verlang om die bankrekonsiliasie vir Maart 2017 te doen. Moenie die kontantontvangste- en kontantbetalings-bondels bywerk alvorens jy die bankrekonsiliasie voltooi het nie.

3.2 Gebruik die VERWYSINGSREKONSILIASIEMETODE (*reference reconciliation method*) vir bankrekonsiliasiedoeleindes.

3.3 Wanneer jy gerekenariseerde brondokumente verwerk, kies die opsie om BELASTINGPERSENTASIES (*tax percentages*) in die lyninskrywings op hierdie dokumente te vertoon.

3.4 Sodra jy die toevoer van gerekenariseerde brondokumente en joernaalbondels voltooi het, moet jy dit bywerk en druk.

3.5 Raadpleeg die aangehegte BYLAE betreffende die toelaatbare aftrekkings met betrekking tot INSETBELASTING.

3.6 As daar geen grootboekrekening is waarin 'n spesifieke transaksie ingesleutel kan word nie, skep dan die rekening. Pas die rekeningstruktuur toe soos dit uiteengesit is.

4. AANVAARDINGSALDO'S

Gebruik die inligting wat in **VRAAG 1.5** gegee is om die beginsaldo's op 28 Februarie 2017 in die toepaslike joernaal te verwerk. Maak 'n drukstuk van die joernaal op 28 Februarie 2017 en werk dit in die algemene grootboek by.

Kopiereg voorbehou

5. KREDIETFAKTURE (TYDPERK 1)

ARRA



044 241 2324
044 241 2322

BTW-reg.nr.: 147258369

AR001

FAKTUUR

AAN: BASKET GIFTS
Sutherlandstraat 1
6845 RAWSONVILLE

25 De Rust 6649
Mainweg 65
DE RUST
6650

BEPALINGS: *5%-afslag binne 30 dae*
10%-handelskorting

06/03/2017

Hoeveelheid	Beskrywing	Eenheidsprys		Bedrag	
2	Drappier & Chocolate Delight	404	83	809	66
4	Sjampanje, truffels en sjokolade ❶	169	83	679	32
6	Prosecco & Cookies Duo	195	38	1 172	28
			Subtotaal	2 661	26
			10%-afslag	266	13
				2 395	13
			14%-BTW	335	32
			TOTAAL	**R2 730**	**45**

❶ Basket Gifts besluit om 'n nuwe mandjie met sjampanje, truffels en sjokolade aan te hou. Lê die nuwe voorraaditem vas. Kode: CTS. Sleutel die kos- en verkoopsprys in.

D U K A R



BELASTING-FAKTUUR

BTW-reg.nr.: 357951456

Nr. D1701

Gardenstraat 5
DARLING
7345

AAN: BASKET GIFTS
Sutherlandstraat 1
6845 RAWSONVILLE

14 Maart 2017

022 654 3210
086 543 2100

BEPALINGS: 5%-afslag binne 7 dae
7.5% se algehele afslag

Hoeveelheid	Beskrywing	Eenheidsprys		Bedrag	
8	Dom Perignon en truffels	888	50	7 108	00
10	Moët & Chandon-sjampanje	334	83	3 348	30
			Subtotaal	10 456	30
			7.5%-korting	784	22
				9 672	08
			14%-BTW	1 354	10
			TOTAAL	**R11 026**	**18**

☎ 021 345 6789
🖷 086 246 1369

Bennetkeerom 7
SIMONSTAD
7975

FLORENCE



BTW-reg.nr.: 76134982

F0301

BELASTINGFAKTUUR

AAN: BASKET GIFTS
Sutherlandstraat 1
6845 RAWSONVILLE

22/03/2017

Hoeveelheid	Beskrywing	Eenheidsprys		Bedrag	
3	Rooi wyn en vrugte	1 666	50	4 999	50
6	Veuve Clicquot-sjampanje	440	83	2 644	98
9	Giant Statement-wyn	883	17	7 749	82
			Subtotaal	15 394	30
			5%-korting	769	71
				14 624	59
			14%-BTW	2 047	44
			TOTAAL	**R16 672**	**03**

DELAIRE ❷
Bathstraat 23
MONTAGU 6720

023 214 5678

BTW-reg.nr.:794613285

Klant se besonderhede:
BASKET GIFTS
Sutherlandstraat 1
6845 RAWSONVILLE

BELASTINGFAKTUUR:
D3003

BEPALINGS: *5%-afslag binne 7 dae*

30 Maart 2017

Beskrywing	Inklusiewe bedrag	
5 kristalkroonkandelare	15 390	00
1 kasregister	6 669	00
5 eindpuntkontrolerolle	290	79
TOTAAL	**R22 349**	**79**

❷ BASKET GIFTS besluit om 'n nuwe verskaffer te gebruik, naamlik DELAIRE. Verskafferskode: D004. Die kontakpersoon is Dean Basson. Die posadres is Posbus 23, MONTAGU 6719. Kredietlimiet: R25 000,00. Sleutel al die inligting vir 'n geldige belastingfaktuur in.

6. TERUGSENDINGS AAN VERSKAFFERS (tydperk 1)

DATUM	VERSKAFFER	REDE
11/03/2017	Arra	1 Drappier & Chocolate Delight – nie bestel nie
28/03/2017	Florence	1 rooi wyn en vrugte – moet truffels wees 2 Giant Statement-wyne – 2 bottels is nie ingesluit nie
31/03/2017	Delaire	1 kristalkroonkandelaar – kristalle ontbreek 1 eindpuntkontrolerol – ekstra rol is ingesluit

7. VOORRAADVERKOPE (tydperk 1)

- Rekening Z99 word vir alle kontantverkopetransaksies gebruik.
- Kontantverkopeklante ontvang 'n 10%-kontantkorting op alle aankope.
- Alle kontantklante se name en adresse moet op die dokumente aangedui word. Gebruik die afleweringsadresveld.
- Boodskap vir krediettransaksies: Kom loer gou weer in.

NAAM	DATUM	BEPALINGS	BESONDERHEDE
P.K. Mbenga Penguinrylaan 9 SIMONSTAD 7975	03/03/2017	Kontantverkope	4 sjampanje, truffels en sjokolades 2 Dom Perignon en truffels 1 Giant Statement-wyn
Nuwe klant: N.E. Mcombring ❸ 6de Laan 15 CHATSWORTH 7354	09/03/2017	15% binne 7 dae	3 Veuve Clicquot-sjampanjes 2 Moët & Chandon-sjampanjes 1 Prosecco & Cookies Duo Koerier: 106 km
C. Domesle	15/03/2017	10% binne 14 dae 5%-faktuurkorting	1 Drappier & Chocolate Delight 3 Giant Statement-wyne 2 rooi wyn en vrugte
H. Tyalisi Pleinstraat 36 DARLING 7345	27/03/2017	Kontantverkope	2 Veuve Clicquot-sjampanjes 4 Moët & Chandon-sjampanjes Koerier: 134 km

❸ Basket Gifts besluit om aan 'n nuwe kredietklant, genaamd N.E. Mcombring, te verkoop. Basket Gifts staan 'n faktuurkorting van 7.5% toe. Kode: C003. Posadres: Posbus 32, CHATSWORTH 7353. Belastingverwysing: 258369147. Kredietlimiet: R7 500.00.

8. TERUGSENDINGS DEUR KLANTE (tydperk 1)

NAAM	DATUM	BESONDERHEDE VAN TERUGSENDINGS
P.K. Mbenga	10/03/2017	4 sjampanje, truffels en sjokolades – moet eintlik Moët & Chandon-sjampanje wees 1 Giant Statement-wyn – verkeerde adres

9. TJEKBETALINGS (tydperk 1)

031		032	
	06/03/2017		08/03/2017
TO/AAN:	Paarl Media	***TO/AAN***:	Kontant
FOR/VIR:	Advertensie vir wynmaker	***FOR/VIR***:	Weeklikse lone
AMOUNT/ BEDRAG:	R645.32	**AMOUNT/ BEDRAG**:	R3 500.00
033		034	
	14/03/2017		16/03/2017
TO/AAN:	Arra	***TO/AAN***:	Telkom
FOR/VIR:	Vereffening van rekening	***FOR/VIR***:	Telefoon – Imelda Stein (R345.67)
AMOUNT/ BEDRAG:	R???	**AMOUNT/ BEDRAG**:	R2 345.67
035		036	
	22/03/2017		28/03/2017
TO/AAN:	P.K. Mbenga	***TO/AAN***:	Rawsonville-munisipaliteit
FOR/VIR:	Terugbetaling op kontantverkope op 3 Maart	***FOR/VIR***:	Eiendomsbelasting en diensgelde
AMOUNT/ BEDRAG:	R???	**AMOUNT/ BEDRAG**:	R3 210.12
037		038	
	31/03/2017		31/03/2017
TO/AAN:	Delaire	***TO/AAN***:	Kontant
FOR/VIR:	Volle betaling van rekening	***FOR/VIR***:	Herstel kleinkasvoorskot-bedrag
AMOUNT/ BEDRAG:	R???	**AMOUNT/ BEDRAG**:	R???

Kopiereg voorbehou

10. KLEINKASBETALINGS (tydperk 1)

Die volgende is 'n bondelsamevatting van kleinkasbetalings wat gedurende Maart 2017 gemaak is. Die laaste kleinkasnommer was PCV122.

Dag	Besonderhede	Bedrag
02/03/2017	Koop tee, koffie, melk en suiker by RAW Store	R123.45
09/03/2017	Koop drukpapier by Worcester Stationers	R98.76
16/03/2017	Skenking aan De Rust-hospies	R250.00
23/03/2017	Herstel en instandhouding van die onderneming se afleweringsvoertuig by Montagu Motors	R345.67

11. KONTANTKWITANSIES (tydperk 1)

Duplikate van kwitansies uitgereik

Nr. 010	Datum: 01/03/2017	
ONTVANG VAN: *Imelda Stein*		
die som van *vyftigduisend rand alleen*		
Rand	*50 000*	*00*
nul sent		
Vir *kapitaalbydrae*		
L. Freeman	Met dank	

Nr. 011	Datum: 03/03/2017	
ONTVANG VAN: C. Domesle		
Die som van *???*		
Rand	*???*	*??*
??? sent		
Vir *die vereffening van rekening soos op 1 Maart 2017 (afslag: R256.75)*		
L. Freeman	Met dank	

Nr. 012	Datum: 10/03/2017	
ONTVANG VAN: *S. Walker*		
die som van *tienduisend vyfhonderd rand*		
Rand	*10 500*	*00*
nul sent		
Vir *huurgeld vir Maart 2017*		
L. Freeman	Met dank	

Nr. 014	Datum: 24/03/2017	
ONTVANG VAN: *C. Domesle*		
Die som van ???		
Rand	*???*	*??*
??? sent		
Vir *die vereffening van rekening*		
L. Freeman	Met dank	

Duplikaat van depositostrokies

BGC BANK			DEPOSITOSTROKIE		BDS1/1
06/03/2017			Rekeningnommer:	14432145678	
Krediteer:	*BASKET GIFTS*		**Kontant**	*7 492*	*23*
Bankstempel	**Naam van trekker**	**Bank**	**Tak**		
	1. *I. Stein*	*FNB*	*Rawsonville*	*50 000*	*00*
	2. *C. Domesle*	*Capitec*	*Montagu*	*???*	*??*
			TOTAAL	*???*	*??*
Inbetaal deur:	*L. Freeman*				

BGC BANK			DEPOSITOSTROKIE		BDS2/1
13/03/2017			Rekeningnommer:	14432145678	
Krediteer:	*BASKET GIFTS*		**Kontant**		
Bankstempel	**Naam van trekker**	**Bank**	**Tak**		
	1. S. Walker	*ABSA*	*De Rust*	*10 500*	*00*
	2.				
			TOTAAL	*10 500*	*00*
Inbetaal deur:	*L. Freeman*				

BCG BANK			DEPOSITOSTROKIE		BDS3/1
30/03/2017			Rekeningnommer:	14432145678	
Krediteer:	*BASKET GIFTS*		**Kontant**	*5 855*	*31*
Bankstempel	**Naam van trekker**	**Bank**	**Tak**		
	1. *C. Domesle*	*Capitec*	*Montagu*	*???*	*??*
	2.				
			TOTAAL	*???*	*??*
Inbetaal deur:	*L. Freeman*				

Kontant ontvang volgens die kasregisterrolle

BASKET GIFTS
Sutherlandstraat 1
6845 RAWSONVILLE

Kassiere se naam: C.R. van Ster

CRR 011	12:13:14	03/03/2017
Kontantaankope		R7 492.23

Hou asseblief u strokie as bewys van aankope.

BASKET GIFTS
Sutherlandstraat 1
6845 RAWSONVILLE

Kassiere se naam: M. Mafu

CRR 012	16:32:48	27/03/2017
Kontantaankope		R5 855.31

Hou asseblief u strokie as bewys van aankope.

Kopiereg voorbehou

12. BANKSTAAT ONTVANG (tydperk 1)

LET WEL: Die bedrae op die bankstaat is korrek.

BGC BANK			
BASKET GIFTS Sutherlandstraat 1 RAWSONVILLE 6845 Rek.nr.: 14432145678		**Staat 013** **Datum: 31/03/2017**	
DATUM	**BESONDERHEDE**	**DEBITEER (–) /KREDITEER**	**SALDO**
01/03/2017	Capitec	100 000.00	100 000.00
07/03/2017	Administrasiefooi	51.23-	99 948.77
09/03/2017	Tjek nr. 031	654.32-	99 294.45
11/03/2017	Rawsonville Motors	125 000.00-	25 705.55-
13/03/2017	Tjek nr. 032	3 500.00-	29 205.55-
14/03/2017	BDS1/2	10 500.00	18 705.55-
22/03/2017	Tjek nr. 034	2 345.67-	21 051.22-
24/03/2017	Diensgelde	123.45-	21 174.67-
25/03/2017	Montagu-munisipaliteit	987.65-	22 261.08-
28/03/2017	Internetfooi	98.76-	22 261.08-
30/03/2017	Tjek nr. 036	3 210.12-	25 471.20-
31/03/2017	SAL01	12 345.67-	37 816.87-
31/03/2017	Belastingheffing	65.43-	???
	INT	98.76-	???

Bykomende inligting

12.1 Boekstaaf die bankkoste en rente op die lopende rekening.

12.2 Capitec op 1 Maart 2017 is vir 'n belegging teen 12.5% p.j. wat uitbetaal is. Skep 'n nuwe rekening, 7500/000.

12.3 Rawsonville Motors is vir 'n nuwe afleweringsvoertuig.

12.4 Montagu-munisipaliteit is vir die water en elektrisiteit vir Maart.

12.5 SAL01 is vir R. Dornbrack se salaris.

12.6 INT is vir rente op die lopende rekening.

Kopiereg voorbehou

13. DIVERSE TRANSAKSIES VIR MAART 2017 (tydperk 1)

BASKET GIFTS  **M1/3**	
AAN: *Lerato Buzo*	**DATUM:** 01/03/2017
Ontvang R3 456.78 van M. Valashayi, 'n klant wie se skuld as onverhaalbaar afgeskryf is. Reik kwitansie 015 uit en deponeer die geld op dieselfde dag. Boekstaaf die transaksie. Werk die bondels by en druk dit.	

BASKET GIFTS  **M2/3**	
AAN: *Lerato Buzo*	**DATUM:** 31/03/2017
I. Stein neem die volgende voorraaditems teen die huidige gemiddelde kosprys: 2 Veuve Clicquot-sjampanjes en 3 Moët & Chandon-sjampanjes. Boekstaaf die transaksie.	

BASKET GIFTS  **M3/3**	
AAN: *Lerato Buzo*	**DATUM:** 31/03/2017
Boekstaaf die eindvoorraad teen die laaste eenheidskoste.	

BASKET GIFTS  **M3/4**	
AAN: *Lerato Buzo*	**DATUM:** 31/03/2017
Die skenking aan De Rust-hospies, wat uit die kleinkas betaal is, was I. Stein se persoonlike bydrae aan die hospies. Stel hierdie fout reg.	

Kopiereg voorbehou

14. DRUKSTUKKE (tydperk 1)

Dien die volgende drukstukke in die volgorde wat hier onder getoon word in. Sorteer die gerekenariseerde dokumente in die korrekte numeriese volgorde.

14.1	Klantejoernaal met ouderdomsontleding (Maart 2017). Druk nulgebaseerde items. Druk die beskrywing.	(3)
14.2	Voorraadjoernaal (Februarie 2017)	(4)
14.3	Gerekenariseerde brondokumente (Maart 2017)	
	Verskaffersfakture	(21)
	Debietnotas	(13)
	Belastingfakture	(32)
	Kredietnotas	(8)
14.4	Bondellystings met gegenereerde inskrywings (Maart 2017)	
	Verskaffersjoernaal	(12)
	Verskafferskortingsjoernaal	(9)
	Kontantbetalingsjoernaal (ná die bankrekonsiliasie)	(24)
	Kontantontvangstejoernaal (ná die bankrekonsiliasie)	(15)
14.5	Bankrekonsiliasiestaat soos op 31 Maart 2017	(4)
14.6	Kasboekbesonderhede van kleinkas vir Maart 2017	(6)
14.7	Kontantontvangstejoernaal (aansuiwering)	(3)
14.8	Voorraadjoernaal (aansuiwering)	(2)
14.9	Algemene joernaal (aansuiwering)	(7)
14.10	Voorraadwaardasie op 31 Maart 2017 met behulp van die laaste eenheidskoste. (Moenie nulgebaseerde items druk nie.)	(2)
14.11	Voorraadjoernaal (aansuiwering)	(3)
14.12	Klantedetailgrootboek, volgens inskrywingstipe, van slegs C. Domesle	(2)
14.13	Verskafferslysings van slegs Delaire Toon die besonderhede. Geen gebruikersomskrewe velde nie.	(4)
14.14	Detailgrootboek van die BTW-kontrolerekening vir Maart 2017	(2)
14.15	Proefbalans (Maart 2017) – (inkomstestaatrekeninge eerste) (Moenie nulgebaseerde items druk nie.) (Sluit beginsaldo's in.)	(4)
		[180]

TOTAAL VIR AFDELING A: 180

AFDELING B

INSTRUKSIES

1. Beantwoord die vrae in afdeling B met behulp van 'n MS Word-verwerkings-program.

2. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

3. Voeg 'n kopreël in wat die volgende bevat:
EKSAMENNOMMER (links); AFDELING B (gesentreer); vandag se DATUM (regs)

4. Stoor die dokument as AFDELING B.

5. Druk die dokument en plaas dit in jou eksamenvouer.

VRAAG 1

1.1 Waarvoor staan die afkorting *BTW*? (1)

1.2 Omskryf die term *insetbelasting*. (2)

1.3 Is mieliemeel 'n nulgebaseerde of vrygestelde lewering? (1)

1.4 Omskryf die term *faktuurgrondslag*. (2)
[6]

VRAAG 2

Voltooi die volgende tabel deur die antwoorde te bereken. Toon AL jou berekeninge en vertoon elke antwoord met 2 desimale. Tik slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1–2.14) in.

BASKET GIFTS						
	Kosprys	Wins	Verkoopsprys (BTW uitgesl.)	BTW 14%	Verkoopsprys (BTW ingesl.)	Ontvanger van Inkomste
Produsent	R120.00	R40.00	R160.00	**2.1**	**2.2**	**2.3**
Groothandelaar	**2.4**	**2.5**	**2.6**	R28.00	**2.7**	**2.8**
Kleinhandelaar	**2.9**	R30.00	**2.10**	**2.11**	**2.12**	**2.13**
Totaal ontvang vir Ontvanger van Inkomste						**2.14**

(14)
[20]

TOTAAL VIR AFDELING B: 20
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

BYLAE

TOELAATBARE AFTREKKINGS TEN OPSIGTE VAN INSETBELASTING

	Is BTW gehef?		**Is inset-BTW aftrekbaar?**	
	Ja	**Nee**	**Ja**	**Nee**
Reklame en promosies	X		X	
Bankkoste: Diensgelde Administrasiefooi Tjekboek Internet Belastingheffing	X X X X	 X	X X X	
Slegte skuld/verhaal	X		X	
Waardevermindering		X		
Skenkings		X		
Elektrisiteit en water	X		X	
Rente op lopende rekening		X		
Rente betaal/ontvang		X		
Beleggings		X		
Lenings		X		
Motorvoertuie	X		X	
Motorvoertuie: Herstelwerk en instandhouding	X		X	
Kantoortoerusting	X		X	
Drukwerk en skryfbehoeftes	X		X	
Eiendomsbelasting en diensgelde		X		
Verversings	X			X
Huurgeld betaal/ontvang	X		X	
Salarisse en lone		X		
Telefoon en faks	X		X	

Kopiereg voorbehou